higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

24 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1	J
1.1.2	A
1.1.3	B
1.1.4	M
1.1.5	C
1.1.6	I
1.1.7	H
1.1.8	G
1.1.9	E
1.1.10	L

(10 × 1) (10)

1.2

1.2.1 Waar

1.2.2 Onwaar✓
Volgens Maria Montessori is daar van geboorte tot 6-jarige ouderdom 6 belangrike sensitiewe periodes.✓

1.2.3 Onwaar✓
Probeer die kind na 'n meer private plek neem as hy of sy in die openbaar 'n woedeaanval kry.✓

1.2.4 Waar

1.2.5 Waar

1.2.6 Onwaar✓
Kinders kan die standaardmaateenhede vanaf die ouderdom van 4½ jaar suksesvol gebruik.✓

1.2.7 Waar

(10)

1.3

1.3.1	D
1.3.2	B
1.3.3	A
1.3.4	A
1.3.5	D
1.3.6	A
1.3.7	D
1.3.8	C
1.3.9	B
1.3.10	C

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 1.4.1
- Grootspierontwikkeling
- Groot motoriese vaardigheidsontwikkeling

1.4.2
- Lateraliteit
- Fyn motoriese vaardigheidsontwikkeling

1.4.3
- Regterhanddominansie
- Grootspierontwikkeling

1.4.4 Visuele onderskeiding

1.4.5
- Oog-handkoördinasie
- Fyn motoriese vaardigheidsontwikkeling

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Selfdissipline:
  Die doel hiervan is dat dit nie nodig sal wees dat ouers hulle kinders heeltyd hoef te dissiplineer nie. Uiteindelik moet kinders sonder hulle ouers se toesig oor die weg kom.
- Sosiale vaardighede:
  Dit help kinders om nuwe sosiale vaardighede aan te leer, soos om mededeelsaam te wees. 'n Mens moet kinders basiese sosiale vaardighede leer.
- Goeie besluitneming:
  Dissipline sal kinders help om besluite te neem en probleemoplossingsvaardighede aan te leer sodat hulle op hulle eie die regte besluite sal neem.
- Impulsbeheer:
  Kinders leer mettertyd om hulle opwellings, oftewel impulse, te beheer. Die logiese gevolge as hulle hul nie beteuel nie, sal foute help verminder.
- Emosionele beheer:
  Dissipline leer kinders om hulle emosies op 'n gesonde manier te beteuel. As kinders geleer het om hulle gevoelens te beheer, sal hulle woedeaanvalle verminder.
- Selfvertroue:
  Dissipline kweek selfvertroue by kinders. Hulle leer uit hulle foute, aanvaar kritiek en verwerk dit positief. Sodoende kweek hulle selfvertroue by die huis en die dagsorgsentrum.

(Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.1.2
- Versterking
- Verontagsaming
- Uitsitstraf (of afkoelperiode)
- Hertoewysing
- Bespreking
- Spesiale tyd
- Sterretjiekaart
- Ontneem 'n kind van sy voorregte (Enige 5 × 1) (5)

2.2 2.2.1
- 'n Gesnork.
- Onreëlmatige asemhaling tydens slaap.
- Kind sukkel om aan die slaap te raak.
- Kind sukkel om heelnag deur te slaap.
- Kind sukkel om bedags wakker te bly.
- Onverklaarbare afname in prestasie gedurende die dag.
- Kind loop in haar slaap of kry nagmerries. (Enige 3 × 2) (6)

2.2.2
- Stel 'n tyd vas wat die kind bed toe moet gaan.
- Volg 'n slaaptydroetine wat die kind laat ontspan.
- Vermy 6 uur voor slaaptyd kos en drank wat ryk is aan kaffeïen.
- Sorg vir 'n aangename temperatuur in die slaapkamer.
- Sorg dat daar min harde geluide in die huis is.
- Moenie dat ‘n kind 'n groot maaltyd voor slaaptyd eet nie.
- Speeltyd ná aandete moet die kind laat ontspan.
- Vermy die televisie, rekenaar, slimfoon, radio of musiek voor slaaptyd.
- Sit kinders in die bed sodra hulle vaak word. (Enige 5 × 2) (10)

2.3. 2.3.1 Outoritêre ouer:
'n Ouer wat verwag dat haar kind haar reëls altyd stiptelik sal nakom.

Onbetrokke ouer:
'n Nalatige ouer wat nie die kind se basiese behoeftes bevredig nie, en verwag dat die kind hom- of haarself moet grootmaak.
(2 × 2) (4)

2.4
- Volg 'n gebalanseerde dieet.
- As die eetprobleem met 'n emosionele probleem verband hou, gee ook hieraan aandag.
- Verwys die kind na 'n mediese praktisyn om die kind vir tekorte te laat toets.
- Probeer om 'n spesifieke spyskaart te volg sodat die kind gesond eet.
(Enige 3 × 2) (6)

2.5 2.5.1 'n Professionele persoon wat iemand met spraak- of taalprobleme behandel.

2.5.2 'n Soort angs, 'n irrasionele, onredelike vrees vir 'n sekere voorwerp of situasie.

(2 × 2) (4)

2.6
- Spanning in 'n kind se lewe as gevolg van die koms van 'n nuwe baba, die dood van 'n gesinslid, verhuising of ouers wat skei of uitmekaar gaan.
- 'n Manier om liefde en toegeneentheid aan 'n versorger te toon.
- Vertraagde spraak wat tot geweldige frustrasie by die kind lei omdat die kind nie kan vra wat hy of sy wil hê nie.
- As 'n kind oormatig gestimuleer word, en nie weet hoe om op te tree nie.
- Aandagsoekery.
- Die kind is geslaan/aangeval en voel bedreig.
- Die kind glo dat byt 'n manier is om beheer van die situasie oor te neem.

(Enige 5 × 1) (5)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Respek vir die kind
  Onderwysers respekteer kinders as hulle kinders help om dinge te doen en kinders op hul eie te laat leer.
- Die absorberende verstand
  Kinders is gebore aanleerders en beskik oor merkwaardige leerstelsels wat deur onderwysers gestimuleer moet word.
- Sensitiewe periodes
  Volgens die Montessori-metode is daar sensitiewe periodes wanneer kinders meer vatbaar vir sekere gedragsvorme is en sekere vaardighede vinniger aanleer.
- Die voorbereide omgewing
  Montessori het geglo kinders leer die beste in 'n voorbereide omgewing waar leermateriale en leerervarings in 'n ordelike formaat beskikbaar is.
- Selfonderrig
  Kinders wat in 'n voorbereide omgewing betrek word en vry is om te kies, leer op hulle eie. (10)

3.1.2
- Sy respekteer die kind en die kind se privaatheid.
- Sy het 'n fyn waarnemingsvermoë.
- Sy weet dat omgang met kinders belangrik is.
- Sy is bereid om kinders te lei.
- Sy wys nooit 'n kind op dinge wat ander kinders reg doen nie.
- Sy wys 'n kind nooit 'n model van hoe iets gedoen moet word nie.
- Sy moedig kinders aan om onafhanklik te wees.
- Sy straf kinders nie.
- Sy trek die kind wat onwenslike gedrag openbaar, se aandag af.
- Sy hou daarmee rekening dat dissipline sy oorsprong in die kind het.
- Sy is opgeruimd en geesdriftig.
- Sy laat elke kind teen sy of haar eie tempo werk.
- Sy doen weg met mededinging. (Enige 5 × 2) (10)

3.1.3 Nadele\Onnavolgenswaardig:
- Montessori-kinders is nie daaraan gewoond om altyd eers toestemming te vra nie.
- Hulle is gewoond daaraan om saam te werk en hulle klasmaats te help. As 'n ultimatum aan hulle gestel word, kan dit probleme skep.
- Montessori-kinders is gewoond daaraan om teen hul eie tempo te werk en eers wanneer dit hulle pas nuwe materiaal aan te pak, nie wanneer die program dit vereis nie.
- Die Montessori-metode oorbeklemtoon individualiteit. In 'n hoofstroomskool kan dit moeilikheid veroorsaak.
- Tyd is belangrik in die samelewing en daarom moet kinders 'n taak binne 'n sekere tyd voltooi. Montessori stem nie glad nie hiermee saam nie. Die kind se gebrekkige tydsbegrip kan later probleme oplewer.
- Individualiteit is belangrik en groepaktiwiteite word verwaarloos. Maar in die wêreld word dinge in groepe gedoen.
- Die Montessori-metode verwaarloos fantasiespel terwyl kinders baie daarvan hou om hulle te verbeel dat hulle iets of iemand anders is.

Voordele\Navolgenswaardig:
- Montessori-kinders pas gewoonlik goed aan.
- Hulle kan op hul eie werk en in groepe saamwerk.
- Hulle beskik oor verskeie vaardighede en kan goed in 'n gewone klas oor die weg kom.
- Die Montessori-metode steur hom glad nie aan die kennis wat reeds opgedoen is nie. Die primitiewe oorsprong van vaardighede is al wat van belang is.
- Volgens die Montessori-metode word kinders volgens hul ouderdom ingedeel.
- Kinders druip nie, en word na die volgende groep oorgeplaas wanneer hulle daarvoor gereed is.
- Montessori konsentreer meer op persoonlike ontwikkeling as op eksamenpunte. (7)

3.2
- Ontwikkel die vermoë om te lei en te organiseer.
- Lei volwassenes in Kleinkindontwikkeling (KKO) op.
- Ontwikkel geskikte programme en 'n kurrikulum vir kinders en hul gesinne.
- Rus ouers deur opleidingsprogramme met vaardighede toe.
- Verander die onderrigstelsel.
- Ontwikkel 'n geïntegreerde stelsel vir KKO. (Enige 5 × 2) (10)

3.3
- Velddienste – kursusse in Educare (kinderleersorg)
- Nasionale program – vaardigheidskursusse en bystand.
- Program in onderwys en opleiding in Educare.
- Navorsing en evaluering – navorsing word deurlopend gedoen met inagneming van die jongste ontwikkelings.
- Media- en materiaalontwikkeling – oudiovisuele materiaal en eksterne nuusbriewe.
- Biblioteek – alle inligting is in 3 tale (Afrikaans, Engels en Xhosa)
- Afvalbestrydingsprogram – werkswinkels oor hoe afval nuttig gebruik kan word.
- Die Adventure-bus – kinders word na plekke geneem waar hulle nog nie voorheen was nie.
- Fondsinsameling en finansies – fondsinsamelings word gehou en borge gewerf. (Enige 3 × 1) (3)

3.4
- Kinders maak kennis met die omgewing.
- Jong kinders doen nuwe ervarings op en kry nuwe insigte.
- Dit verbreed hulle kennis.
- 'n Deeglik beplande uitstappie laat kinders veilig voel en maak hulle nuuskierig.
- Dit bevorder natuurbewaring.
- Aandenkings aan 'n uitstappie kan in die klaskamer ten toon gestel word.

(Enige 5 × 2) (10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Die kop is kleiner in vergelyking met die res van die liggaam.
- Die arms is langer en dunner.
- Die liggaam het minder vet en spiere kan duidelik onder die vel waargeneem word.
- Blakend gesond.
- Gekoördineerde hand- en oogbewegings. Die kind kan byvoorbeeld 'n patroon teken en oorteken.
- Linker- en regterhanddominansie tree nou na vore.
- Kinders kan bo-oor hulle koppe hulle linkerore met die regterhand raak.
- Die brein het normaal ontwikkel. (Enige 5 × 2) (10)

4.1.2 Die kind moet regop staan en die kop regop hou (nie agteroor of vooroor nie). Strek die regterarm oor die kop en raak die linkeroor met die regterhand. (3)

4.2 4.2.1 Die persoon is altyd bewus van waar hy hom in 'n bepaalde ruimte (gebied) bevind.

4.2.2 Die denkbeeldige lyn of vlak wat die liggaam in 'n linker- en regterhelfte verdeel.

4.2.3 'n Besef van die twee helftes van die liggaam: die linker- en die regterhelfte.

4.2.4 Die vermoë om bewegings te maak wat deur die oë gelei en deur die hande uitgevoer word.

4.2.5 Die bewegings wat danksy die fyn (klein) spiere van die liggaam moontlik is.

(5 × 2) (10)

4.3 4.3.1

A Die kind ontwikkel sy of haar taalvermoë deur aan aktiwiteite deel te neem.

B Die kind ontwikkel sy of haar taalvermoë deur te luister en te kyk.

(2 × 2) (4)

4.3.2 Aktiewe taalontwikkeling:
- Die kinders vertel die storie in hulle eie woorde oor.

Passiewe taalontwikkeling:
- Kinders luister na die onderwyser se voorlesing.
- Kinders luister na die stories op CD. (4)

4.3 4.3.3 Aktiwiteite wat aktiewe taalontwikkeling bevorder:
- Om jou eie storie uit te dink.
- Om nuus van die huis oor te vertel.
- Opnoem van dinge wat na verskillende geleenthede saamgeneem moet word.
- 'n Gesprek oor 'n speeltelefoontjie.
- Om die storie wat 'n volwassene begin het, te voltooi.
- Kyk na 'n prent en weef 'n verhaal daarom.
- Beskryf die ooreenkomste en verskille tussen dinge.

(Enige 2 × 1)

Aktiwiteite vir passiewe taalontwikkeling:
- Kinders luister na die voorlesing van die onderwyser.
- Kinders luister na die storie op die CD.
- Luister na 'n storie en kyk na die prente.
- Kinders luister na verhale op televisie of die radio. (Enige 2 × 1)

(2 × 2) (4)

4.4 4.4.1
- Voelsak: kinders moet hul oë toemaak en raai watter voorwerpe daar in 'n sak is.
- Laat kinders aan verskillende teksture raak.
- Die kind moet die vorm raai van 'n voorwerp wat hy agter sy rug vashou.
- Teken 'n figuur op die kind se rug en die kind moet raai wat dit is. (Enige 3 × 1)

4.4.2
- Laat die kind sy oë toemaak en aan vrugte en groente ruik en hulle benoem.
- Vestig die kind se aandag heeldag op reuke en geure.
- Laat kinders aan verskeie speserye ruik, en gebruik die speserye om kunswerke van te maak.
- Reukspel: smeer verskillende smeermiddels aan die kind, wat dan die naam daarvan moet gee. (Enige 3 × 1)

4.4.3
- Laat die kind geblinddoek aan kosse proe en sê watter kos dit is.
- Laat die kind aan byvoorbeeld 'n suurlemoen en lekkergoed proe, en sê of dit soet of suur is.
- Laat die kind aan verskillende vloeistowwe proe en noem wat dit is.
- Laat die kind verskillende geure roomys proe en elke geur noem. (Enige 3 × 1)

(3 × 3) (9)

4.5
- Kinders kan voorspel wat volgende gebeur.
- Hulle weet dat hulle moet opruim nadat hulle klaar geëet het. So leer hulle 'n goeie gewoonte aan.
- Hulle weet dat hulle skoon klere moet aantrek nadat hulle gebad het. So leer hulle nog 'n goeie gewoonte aan.
- Hierdie konsepte sal kinders help om met meer vertroue in hulle omgewing op te tree. (Enige 3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou